

## Jan Van Zyl oor die Toestand van Musiek in Suid-Afrika.

---

Ek stem heeltemal met Dr. Malan saam, dat Suid-Afrika, om die smaak vir musiek aan te wakker, 'n eie Volkslied moet hê. Dit is noodsaaklik vir 'n jong nasie en die ontwikkeling van 'n kultuur. Die blote feit van 'n populêre Volkslied te besit, sou ons mense aanmoedig om te sing, hulle trots maak op hulle afkoms en ons in staat stel op een hoogte te staan met ander nasies. Daar is tog seker geen beter middel vir 'n nasie om homself uit te druk as die liedere van sy geboorteland nie. Die karakter van 'n volk blyk gewoonlik uit sy liedere. Ongelukkig het die musikale aanleg van Afrikaners nie die aanmoediging ontvang om ons so ver te bring, dat ons op belangrike Komposisies kan spog nie. Dit is natuurlik te wyte aan die worstelinge van ons volk in die verlede en 'n sekere mate van onderdrukking en gebrek aan erkenning wat ons as nasie toegekom het. Maar nou dat ons goeie reg op 'n eie Nasionaliteit erken is (as gevolg van ons leiers se onverslapte volharding) het die tyd aangebreek om ons musikale talent te ontwikkel. Ek is daarvan oortuig, dat die Afrikaners die siel vir musiek het, en die gebrek aan waardering by ons mense is alleen die gevolg van onvoldoende ontwikkeling van hierdie kant van Kuns. Maar dit moet nie halfhartig aangepak word nie. Bowenal moet Afrikaners hulle eie mense ondersteun met veel groter geesdrif as totnogtoe die geval was.

Kan daar vir iemand, wat die jarelange worsteling deurgemaak het, die teleurstellings, sielesmart, en dikwels gebrek aan geldelike ondersteuning ondergaan het — as ook die ontmoediging voortvloeiend uit nasionaliteitsvooroordeel en talryke ander hinderpale te bowe moes kom eer hy erkenning verkry het — kan daar vir so iemand groter teleurstelling wees as gebrek aan ondersteuning van sy eie landgenote te ondervind? Dit is nie alleen jou landgenoot in die steek laat nie, maar dit verkleineer hom in die oë van dies wat smalend elke beweging van hom gadeslaan.

Op die oomblik is die lied in Afrikaans nog in sy kinderjare en ten einde hierdie kant van ons kultuur te vestig moet ons veg, en *hard* veg.

Anders sal dit wegsink en vir goed verdwyn. As dit gebeur, sou dit 'n treurige neerlaag vir ons saak wees.

Ons het vandag Grammafoon-plate van ernstige Afrikaanse liedere, maar dit spyt my om te moet sê, dat die verkoop van hierdie beter-klas plate uiters swak is. Die plate wat beste verkoop is die slegste soort musiek —

en dit stel ons in 'n bespotlike lig. Ek het bewys hiervoor. Net 'n paar dae gelede het 'n sekere heer, wat een van die grootste firma's van Musiek-handelaars in hierdie land verteenwoordig, dit nog as sy opinie uitgespreek, dat die Hollandse Suid-Afrikaner nie goeie musiek wil hê nie en dat hy voornemens was aan „His Master's Voice Maatskappy” te skryf om nie verder Afrikaanse plate van ernstige aard te maak nie. Hy het hom daarop beroem, dat hy altyd die oortuiging gehad het, dat dit vergeefse moeite was om ernstige musiek vir die Hollandse Afrikaners te wil verskaf.

Kan ons hom dit kwalik neem? Seer seker nie. Op stuk van sake het hy tog die onkoste gemaak om groot hoeveelhede Afrikaanse plate te bestel in die hoop, dat daar aanvraag voor sou wees, maar hy het teleurgestel uitgekom. Van een ding kan ek Afrikaners egter verseker: as die Grammofoon-Maatskappy ophou Afrikaanse plate te maak, sal ons nooit weer belangstelling by hulle wek nie. Ek kan sonder vrees vir teenspraak sê, dat ek grootliks verantwoordelik is vir die maak van plate met ernstige Afrikaanse liedere en die oorreding van H. M. V. om dit te doen. Toe hulle my die eerste keer genader het, was dit met die versoek dat ek die populêre lied van humoristiese gehalte vir plate sou bydra — met andere woorde, iets van dieselfde aard as wat die kleurling-volk sing. My antwoord was dat ons 'n poging moes maak met die beter-klas lied, daar — soos ek te kenne gegee het — die Afrikaners wou opgehef word in kuns en nie ondergehou nie. Verder, dat hulle intelligente mense is en na verbetering streef. Die gevolg was, dat hulle toegestem het en nog gewillig is om hulle uiterste bes vir ons te doen, maar, tensy daar goeie ondersteuning van ons kant is, sal hulle, vrees ek, hulle vertrouwe verloor. In daardie geval sou Afrikaanse liedere 'n gevoelige klap kry. Ek, persoonlik, is van mening, dat die skole hulleself moet interesseer in hierdie Afrikaanse plate en die bestes moet uitkies vir opvoedkundige doeleindes. Ons volk moet die belangrikheid van hierdie plate leer insien:— hulle is in Afrikaans, die kunstenaars is Afrikaners en Suid-Afrika moet hulle ondersteun.

# AAN ELEKTRA. (naar Herrick.)

Woorde: H. J. R. v. Bruggen.

Musiek: Anna Lambrechts Vos.

*2 sang*

*piano*

Teer en sag.

*con Ped. e Una Corda.*

*mp*

Ik durf geen soen te smeeke, Geen glim-lag

durf ik wa — Op- dat my hart nie

breek Van weel- de wat ik dra. — Ik

*p*